# Versnelde Sukses: Konflik

**Louis en Lizette Du Piesanie 12/08/ 2018**

**DIE OORSAKE VAN KONFLIK:**

**1. VIER KLAGTES WAT IN NEHEMIA 5:1-5 VOORKOM.**

**1.1.** Daar was 'n tekort aan kos.

**Nehemia 5:2 (NLV) "Party van hulle het gesê: "Ons het groot families. Ons moet koring in die hande kry om te kan oorleef."**

**1.2.** Hul huise en wingerde was verpand.

**Nehemia 5:3 (NLV) "Ander het gesê: Ons het ons landerye, wingerde en huise verpand om gedurende die hongersnood kos in die hande te kry."**

**1.3.** Die hoë belasting.

**Nehemia 5:4 (NLV) "Nog ander het gesê: "Ons het geld geleen om die konings belasting op ons landerye en wingerde te betaal."**

**1.4.** Slawerny.

**Nehemia 5:5 (NLV) "Ons is almal familie van mekaar, ons kinders is vir hulle net soos hulle kinders. Tog moet ons ons kinders as slawe verkoop om net genoeg geld te kry om van te leef. Ons moes al van ons dogters verkoop. Ons is magteloos om iets daaraan te doen, want ons landerye en wingerde is alreeds aan ander mense verpand."**

**2. DIE WERKLIKE PROBLEEM IN NEHEMIAH 5:1-5**

**Nehemia 5:1 "In hierdie tyd was daar ook ernstige klagtes van die volk en die vroue teen sommige van hulle Mede-Jode."**

**2.1.** Die mense was besig om mekaar uit te buit.
**2.2.** Die wortel van alle interne konflik en verdeeldheid is altyd selfsugtigheid.

**Jakobus 4:1 (Die Boodskap) "Vir wat stry en baklei julle so? Wat is verkeerd? Is dit nie omdat elkeen altyd net aan homself dink nie? Kom dit nie van daardie gevoel dat net wat vir jou lekker of belangrik is, saak maak nie?"**

3. **DIE GENEESMIDDEL VIR KONFLIK**

**3.1.** Reaksie: Raak kwaad.

**Nehemia 5:6 (NLV) "Toe ek hulle klagtes hoor en al die dinge wat hulle sê, was ek baie kwaad."**

**Efesiërs 4:26 (NLV) "Moenie sondig as jy kwaad word nie."**

**3.2.** Refleksie: Dink voordat jy praat.

**Nehemia 5:7 (NLV) "Nadat ek dit goed oordink het, het ek die leiers en die amptenare aangespreek..."**

**Jakobus 1:19-20 (NLV)"My geliefde broers en susters, wees altyd gou om te luister, nie te gou om te praat nie, en nie te gou om kwaad te word nie. As jy kwaad is, kan jy nie doen wat God wil hê nie."**

**3.3.** Teregwysing: Konfronteer die skuldige partye in privaat.

**Nehemia 5:7 (Bybel vir Almal) "Ek het daaroor gedink, en toe het ek die belangrike mense en die leiers beskuldig en vir hulle gesê: Julle wil hê julle broers moet meer en meer geld vir julle skuld."**

**Matteus 18:15 (NLV) "As een van jou medegelowiges iets verkeerds teen jou gedoen het, gaan wys hom daarop. Maar hou dit tussen julle twee."**

**Titus 3:10 (Bybel vir Almal) "Wanneer iemand mense laat twis met mekaar, dan moet jy vir hom sê hy moet ophou om dit te doen, en as hy nie luister nie, dan moet jy dit weer vir hom sê."**

**3.4.** Resolusie: Hanteer publieke twis en divisie openlik.

**Nehemia 5:7 (NLV) "... Ek het toe 'n groot openbare vergadering oor die probleem belê."**

**3.5.** Versterking: Stel 'n voorbeeld van onselfsugtigheid.

**1 Korintiërs 11:1 (1983) "Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg."**

**Efesiërs 4:3 (1983) "Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.**

**GESPREK GITS**

**VERSNELDE SUKSES: KONFLIK**

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Is jy geneig om weg te skram van konfrontasie af? Hoekom, dink jy, wil meeste mense konflik vermy?
2. Wat veroorsaak konflik in jou lewe?
3. Het selfsug al ooit beïnvloed hoe jy 'n konflik situasie sien en hanteer?